Rauch sorg vir roerende oomblikke

Beeld Kalender 6 Sept 1991

Laurika Rauch:
Moontlikhede
After Dark,
Pretoria

Theunis Engelbrecht

DIE besadigde en beleë aanslag waarvoor Laurika Rauch al bekend geword het, kenmerk ook haar jongste vertoning. Dit bestaan uit deurleefde werk deur 'n volwasse, ryp kunstenaar.

Die hoogtepunte is haar vertolkings van Adele Bloemendaal se *Vleeslijke Woning*, Dan Fogelberg se *The Leader of the Band*, Christopher Torr se *Stille Waters, Diepe Grond*, Joan Armatrading se *Dry Land*, André Letoit se *Liza se klavier* en veral die gestroopte, gelade vertolking van Billy Joel se *And So It Goes*. Om Rauch dié liedjies te hoor sing, maak die vertoning op sigself al die moeite werd.

Maar daar is meer, soos haar treffers *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, *Op Blouberg se strand* en *Kinders van die wind* ('n puik liedjie, maar helaas een waarvoor 'n mens ook al helaas terdeë moeg begin raak – maar tóg is daar mense wat steeds nie genoeg daarvan kan kry nie, as 'n mens die gehoor se geesdriftige reaksie daarop in ag neem. Daarom alleen is dit seker 'n goed genoeg rede dat Rauch dit steeds in haar vertonings insluit.)

Waarom Rauch iets soos Kupido se *Om en om draai die wiele* in die program ingesluit het, weet nugter. Dit klink soos 'n laerskool-sportliedjie en het heeltemal uit toon geval met die res van die program. Dit is nou 'n voorbeeld van Afrikaanse boemtjiekieboem-musiek op sy onverteerbaarste en wat eerder pas by 'n kunstenaar soos Francois Hayes.

Rauch se puik toonsetting van *Met transistor innie hand* laat 'n mens besef dis jammer dat sy nie meer self so baie musiek skryf nie, want dis werklik 'n besonderse stuk werk. (Ander goeie voorbeelde van Rauch se vermoë om skitterende toonsettings te doen is I.D. du Plessis se *Katrina* en Ingrid Jonker se *Toemaar die donker man*, *Wiegeliedjie* en *Begin somer*.)

Die liedjie *Stille waters, diepe grond* bewys opnuut dat Rauch se man, Christopher Torr, een van die blinkste vondste is wat nuwe liedjieskrywers in Afrikaans betref. Sy liedjies is altyd klein juweeltjies – dink maar aan *Die ballade van Jakob F. de Beer*, *Miekie* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux*. Dit wat van dié liedjies getref het, is ook kenmerkend van *Stille waters, diepe grond* – 'n bekoorlike, gestroopte eenvoud en die vermoë om deur pretensielose lirieke werklik iets sinvols oor die lewe, liefde en al die skakerings van menswees te sê. Mag Torr nog baie skryf.

Opsommenderwys: dis deur en deur die moeite werd om *Moontlikhede* te gaan sien. Wat musikale en sangtegniek betref, skort daar uit die aard van die saak niks met óf Rauch óf die orkes nie, en veral die weergawes van die liedjies wat hierbo uitgesonder is, is roerend.

Tog het daar op openingsaand – en veral in die eerste helfte – 'n vonk van energie en meelewing ontbreek. Dis seker maar toe te skryf aan die spanning wat met 'n openingsaand gepaard gaan. Rauch en die musikante is egter só professioneel dat 'n mens kan aanneem dié probleem sal gou uitgestryk word en dat daar 'n groter organiese hegtheid tussen die orkeslede onderling en Rauch sal kom namate die speelvak sy gang gaan.

● **Tot 14 September.**